## DIE ESSENSIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom


## ACIM 5 Mei 2014 (19h30) — Stad
## ACIM 8 Mei 2014 (19h00) — Kolping

**ETE ELKE EERSTE SONDAG VAN DIE MAAND**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

___________________________________________________________

E-Mail_________________________________ Sel________________________

### ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:

**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

| | |
|---|---|
| **Bankrekening vir bydraes**<br>**ABSA: Neo-Spektrum**<br>Takkode: **632005**<br>Rekening: **4083481065** | BAIE DANKIE<br>Ons vra 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>Groot ASSEBLIEF en DANKIE |



# Neo-Spektrum

**4 Mei 2014**

## PSALMS VIR ELKE DAG

**— TOTALE BESKERMING —**

## STILTE IN DIE KAPEL

~ THE LORD'S PRAYER — ANDREA BOCELLI ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

*Toe die Here die lot van Sion verander het,*
*was dit vir ons soos 'n droom.*
*Ons het gelag en gesing.*
*Onder die nasies het hulle gesê:*
*"Die Here hét groot dinge*
*aan hierdie mense gedoen."*
*Die Here hét groot dinge*
*aan ons gedoen; ons was bly.*
*Verander tog ook nou ons lot, Here,*
*soos U droë spruite in die Suidland*
*in waterstrome verander.*
*Wie met trane saai,*
*sal die oes met gejuig inbring.*
*Al loop hy en huil*
*terwyl hy die saaisak dra,*
*hy kom juigend terug*
*terwyl hy sy gerwe dra.*
*(Psalm 126)*

**- STILTETYD -**

## — Lees: Psalm 121 —

Ek slaan my oë op na die berge,
waarvandaan sal my hulp kom?
My hulp kom van die Here
wat hemel en aarde gemaak het.
Hy sal nie toelaat dat jou voet struikel nie;
Hy wat jou beskerm, sal nie slaap nie.
Kyk, die Beskermer van Israel
sluimer nie en Hy slaap nie.
Die Here beskerm jou,
die Here is jou skaduwee aan jou regterhand.
Bedags sal die son jou nie neerslaan nie
en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie.
Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar,
jou siel sal Hy beskerm.
Hy sal jou uitgang en ingang bewaak,
van nou af en vir altyd.

=====================================================

***Waarvandaan my hulp kom*** — 'n God wat wil hê dat dit met jou goed gaan
***Waar voete struikel*** — keuses wat ons maak, teken prentjies van wie ons is
***Waarom ons sluimer en slaap*** — 'n soeke na consciousness & awareness
***Waar skaduwees beskerm*** — duisternis bestaan nie waar lig sy pad vind nie
***Waarheen die son en maan jou vat*** — al die goed wat ons bang maak
***Waarin sekuriteit lê*** — nie 'n druppel in die oseaan maar oseaan in 'n druppel
***Waarvandaan jy in– en uitgaan*** — maak geloof, hoop, liefde — a way of life

Ek slat my twee oge op.
My kyk vang die verste kop:
waavanaf sal my hulp nou kom?
My hulp is van die Jirre, van Hom.
Hy't nou jimmel en Prieska gekom maak.
Sonner lat jou voete klipperse raak,
is Hy skoene agterrie skaap.
Hy dink nooit eers oor slaap.
Sontyd is Hy hoed op jou kop,
Innie nag hou Hy gevaarlikheid dop.
Hy's mos nou da om jou op te pas.
Jou siel hou Hy tussen jou ribbes vas.
Gan jy nou in of gan jy nou yt.
Hy's oor jou ewig en vir altyd.

*— Die gebed van 'n Griekwa*

# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING

~ I GENITORI (FEAT: RENÉE FLEMING) — YANNI ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Ons Almagtige Liefde en Ewige Lewe*
*hemel is om te onthou dat ons één is met U.*
*Heilig is U naam: "Ek is wat Ek is ..."*
*Laat U koninkryk kom IN ons*
*en bring ons in balans en harmonie met U,*
*ons dank U vir die brood wat U gee –*
*brood van vergiffenis soos die brood wat ons uitdeel*
*aan almal wat vir ons 'n naaste is –*
*lei ons wanneer ons in versoeking kom,*
*maak ons vry van dit waaraan ons so swaar dra …*
*want aan U behoort die krag*
*van U skepping waarin ons leef.*
*Aan U kom toe*
*die heerlikheid van ons verwondering,*
*die eer van ons aanbidding*
*van vandag af tot in alle ewigheid*
*– Amen –*

---

## IN LOVE, ALL IS POSSIBLE

~ ETERNAL ALEXANDER — VANGELIS ~

*"You're a tree replanted in Eden, bearing fresh fruit every month,*
*Never dropping a leaf, always in blossom."*

*(Psalm 1:3 The Message)*